









# LOMBARDY *se Nuwe Baadjie*

**Die Lombardy Landgoed en Gesondheidspa naby Pretoria raak by die dag bedrywiger. Vra maar vir enige van die jong professionele mense, families en prominente besigheidsmense wat hulle alreeds daar tuis gemaak het, of besig is om hulle droomhuise daar te bou.**

Sedert 'n eenvoudige begin 'n bietjie meer as ses jaar gelede, het die Lombardy Landgoed en Gesondheidspa die resessie deurstaan en het nou 'n nuwe baadjie van voorspoed aangetrek. Vir die beleggers wat aanvanklik deel was van Lombardy, wys die landgoed nou sy ware kleure. Om huiseienaar Albert Moffat van *Moffat's Creations* aan te haal: "As beleggers in Lombardy Landgoed, het ons gekoop omdat ons geglo het in die produk – en is ek tans besig om 'n ongelooflike huis van 900 $m^2$ met 'n 81 $m^2$-wynkelder te bou."

Ander huiseienaars is ewe in hulle skik. Dit sluit onder andere die gerespekteerde sakeman Leo Haese; eienaars van die *House of Hair-haarsalonne*, Pieter en Anneliesa Grobler; die eiendomsontwikkelaar van luukse huise, Danie Crous; en suksesvolle in- en uitvoerder Marius van Schalkwyk in. Meeste van hierdie persone het meer as een eiendom in Lombardy gekoop – nie net omdat hulle 'n goeie belegging raaksien nie, maar omdat hulle almal deel in 'n verwagting van hoe die lewe in 'n landgoed behoort te wees: om te lewe saam met die natuur; om te lewe met styl en ruimte; om veilig en privaat te voel, en om deel te wees van 'n gemeenskap wat dieselfde voel. Meeste van hulle besit eiendom regoor Suid-Afrika sowel as internasionaal, en tog verkies hulle om hier te bly, in die Lombardy Landgoed. In Marius van Schalkwyk se woorde: "Lombardy as 'n produk is uniek. Ek het orals gekyk en dit was werklik die beste produk – 'n plek waar ek my gesin kan sien groei in die volgende hoofstuk van my lewe."

Vir meeste van die eienaars was dit die argitektuur wat hulle aandag getrek het. In 'n herontwerp van die klassieke Prairie-styl wat bekend gemaak is deur meesterargitek Frank Lloyd Wright, word daar gebruik gemaak van sterk horisontale en vertikale lyne en groot, oop ruimtes om 'n styl te skep wat bekendheid verwerf het as die 'Grondslag van Modernisme' en wat die natuurskoon in elke aspek van die ontwerp na vore bring.

"Die landgoed lyk ongelooflik! Die ontwikkelaar het geweldige vordering gemaak. Lombardy Landgoed is 'n toonbeeld van ons visie en ons is baie trots om te kan deel in die ontwikkeling van hierdie huise,' sê Greg Truen, direkteur van *Stefan Antoni Olmesdahl Truen Argitekte (SAOTA)*, wat saam met *QTS Argitekte* verantwoordelik was vir die herontwerp.

Lombardy se byna 100 hektaar van inheemse tuine, pas perfek by die ruim binneshuise uitleg wat die buitelewe innooi. Op die oomblik bied Lombardy Landgoed 'n verskeidenheid produkte, *Lake Lombardy*-boetiekhuise, *Lombardy Fountains*-meenthuise en *Lombardy Eiendomme* – daar is iets vir almal.

Vir Pieter en Anneliesa Grobler was 'n groot deel van die bekoring die plattelandse lewenstyl in die stad, naby aan 'n verskeidenheid winkelsentrums, restaurante en skole. "Die landskap bied ons 'n stil en rustige lewenstyl," sê Pieter. "Die sekuriteit is fantasties en die omliggende natuur maak hierdie ons plattelandse wegbreekplek in die stad." Met meer as 25 verskillende soorte inheemse bome, meer as 45 verskillende soorte inheemse struike, blomme en bosse, en 'n wye verskeidenheid voël- en dierelewe, is daar ongeveer 40 permanente tuin- en onderhoudspersoneellede wat elke dag sorg dat die landgoed ten all tye in die perfekte toestand is.

*Lake Lombardy* loop uit op 'n stelsel van klein dammetjies, en baie van die *Lombardy-eiendomme* is ook naby aan die damme. Verder verseker die uitgebreide groen spasies en die posisionering van die *Lake Lombardy*-huise dat die privaatheid tussen bure altyd ten volle benut word. "Ek is veral gelukkig oor die feit dat daar 50 m tussen my huis en my naaste buurman is," sê Danie Crous. "Waar anders is jy omring deur water en mere, kan jy die water hoor en voel jy sommer rustig?" Voeg daarby 'n 5-ster-boetiekhotel en konferensiesentrum, tegnologies gevorderde sekuriteitstelsel, en 'n gesondheidspa onder beheer van *Spas of Distinction* wat in 2011 sal open – en dis maklik om te sien hoekom hierdie landgoed so hoog aangeskryf word deur die huiseienaars self.

Natuurlik koop jy nie net 'n eiendom as gevolg van die lewenstyl nie. As 'n belegging, moet dit tog rotsvas wees. Gerugsteun deur 'n internasionale konglomeraat – die Kharafi Groep, wat ook die ontwikkelaar van die suksesvolle Oubaai Gholflandgoed in Heroldsbaai is – is die belegging wat die Lombardy Landgoed en Gesondheidspa jou bied, absoluut veilig. Vir Marius van Schalkwyk was dit veral ooglopend toe hy besig was om sy huis te bou. "Vanaf die oomblik wat ek begin bou het, het die ontwikkeling aan die landgoed deur die ontwikkelaar nog nie opgehou nie. Selfs gedurende die resessie, dink ek Lombardy was die enigste landgoed waar die ontwikkelaar aktief besig was om te bou en aangehou het om geld te spandeer op die ontwikkeling."

**Die Lombardy Landgoed en Gesondheidspa** se nuwe baadjie is een wat nuwe huiseienaars graag aantrek. Dis 'n gemeenskap wat vinnig besig is uit te brei. Vir meer inligting oor die boetiek-huise (tot 364 $m^2$ groot), meenthuise (tot 285 $m^2$ groot) en eiendomme (tot en met 1 950 $m^2$ groot) wat nog beskikbaar is, skakel asseblief vir Colette Schönborn by 082-457-5818, Donovan Lallyett by 082-940-9265 of Ronél van der Linde by 082-787-9138, of e-pos info@lombardyestate.co.za.

LOMBARDY

ESTATE & HEALTH SPA

**www.lombardyestate.co.za**